Figuur 1: Bengaalse wandelende Jood (Commelina benghalensis)

WANDELENDE JOOD
'n Hardnekkige onkruid

Elbé Hugo, LNR-Instituut vir Graangewasse, Potchefstroom

Sommige kranige tuiniers sal die wandelende Jood (Commelina benghalensis) herken as 'n welige grondbedekker met fraai, pers blommetjies, maar vir sommige boere het die 'grondbedekker' al gesorg vir vele kopsere.

Die wandelende Jood is inheems aan Suid-Afrika, kom wydverspreid oor die hele land voor en is 'n erkende onkruid by die meeste gewasse. Suid-Afrika is nie die enigste land waar dié onkruid 'n probleem is nie – dit het ook onkruidstatus in Asië, Noord- en Suid-Amerika, asook Australië. Alhoewel hierdie onkruid nie 'n onbekende vir die meeste boere is nie, het die infestasievlakke en voorkoms daarvan drasties toegeneem die afgelope paar jaar, veral waar geen- of verminderde bewerkingspraktyke toegepas word. Wandelende Jood is 'n sterk mededinger vir water en voedingstowwe en veroorsaak ernstige oesverliese in verskeie gewasse indien dit nie doeltreffend beheer word nie.

Wandelende Jood het die voorkoms van 'n breëblaaronkruid, maar dit word geklassifiseer as 'n monokotiel (eensaadlobbige plante soos grasse, *Figuur 1*). Die sagte, heldergroen blare het parallelle are (soos grasse), maar vertoon breër as tipiese grasblare, wat die indruk skep dat dit eerder 'n breëblaaronkruid moet wees.

Figuur 3: Saadhuisies van bo-grondse saad



Figuur 2: Bloeiwyse van wandelende Jood